

Nota aan ouers

Hoe kan ek my kind help leer?

Jy kan jou kind help om die leerproses te geniet deur te verstaan op watter manier hy of sy die beste leer. Kinders se leerstyle verskil, selfs al word hulle in dieselfde gesin groot of al kom hulle uit dieselfde agtergrond. Kinders kan ook hul leerstyle afwissel na gelang van wat hulle leer en die omgewing waarbinne hulle leer. Hul leerstyl kan selfs verander namate hulle ouer word. Verskillende leerstyle benut verskillende dele van die brein. Hoe meer van jou brein jy gebruik, hoe beter leer jy!

Visuele leer


- Laat jou kind op die prente en tekeninge op die bladsy fokus terwyl jy begripvrae vra: wat?, wie?, waar?, wanneer?, hoe? en hoekom? (Visuele begrip is 'n belangrike aspek van die leerproses en assessering.) Moedig jou kind aan om skriftelike inligting te visualiseer en om te teken wat sy sien.
- Moedig haar aan om breinkaarte met verskillende kleure en prente te gebruik om inligting te onthou.
- Laat haar bordspeletjies speel, legkaarte bou en prentaaisels oplos om haar ruimtelike vaardighede te ontwikkel. Laat haar na opvoedkundige DVD's kyk en interaktiewe digitale boeke gebruik.

Ouditiewe leer

- Lees hardop saam met jou kind.
- Moedig jou kind aan om dit wat jy vir hom lees, neer te skryf of op te som.
- Laat hom na 'n verskeidenheid oudioboeke, musiek en nuusprogramme luister, en vra begripvrae soos: "Beskryf wat jy hoor"; "Wie praat nou? Hoe voel die persoon en hoe weet jy dit?" en "Waar dink jy speel die storie af?".
- Laat jou kind sy studie-aantekeninge hardop lees, neem dit op en laat hom daarna luister.
- Speel woordspeletjies soos *Ek sien met my klein ogie* en doen 'n verskeidenheid woordraaisels om sy woordassosiasievaardighede en woordeskat te ontwikkel. Laat hom die antwoorde op woordraaisels hardop spel; dit versterk die visualisering van woorde en bevorder spelvaardighede.

Logiese leer

- Vestig jou kind se aandag op die verbande tussen die verskillende elemente van 'n teks.
- Stel jou kind bloot aan niefikstiekste in boeke, koerante en op die internet.
- Vra volgordevrae sodat jou kind die gebeure in stories of feite-artikels, alles wat sy die dag gedoen het, of hoe om iets te maak of te doen, stapsgewyse moet opnoem. Dit ontwikkel haar vermoë om logies te dink en om logiese verbindingswoorde soos *eers*, *daarna* en *voordat* te gebruik.
- Pak saam praktiese projekte aan en verduidelik die doel van aktiwiteite aan jou kind as sy dit nie verstaan nie.
- Laat haar interaktiewe digitale boeke gebruik en opvoedkundige rekenaarspeletjies soos Scrabble, Sudoku, blokkiesraaisels en ander woord- en syferspeletjies speel.



Kinestetiese leer

- Gebruik voorwerpe en gebare om te wys hoe dinge werk.
- Moedig jou kind aan om sy begrip van idees deur rolspel en mimiek uit te beeld.
- Besoek verskillende plekke waar jou kind aan diere en voorwerpe kan raak en met mense kan kommunikeer.
- Laat hom eksperimente doen of voorwerpe bou wat verband hou met die temas waarvoor hy leer.
- Laat jou kind toe om sy liggaam te beweeg en klein voorwerpe te hanteer terwyl hy konsentreer.
- Neem saam aan sport en speletjies deel.

Alleen of in 'n groep?

Party kinders verkies om alleen te werk; ander werk graag in groepe. Dit is belangrik dat jou kind albei moet leer doen. Moedig hom aan om 'n klasmaat of twee te nooi om saam met hom aan projekte te werk of huiswerk te doen, of ondersoek nuwe maniere om naweke saam te werk. Besoek museums en kunsgalerye of onderneem uitstappies in die natuur sodat jou kind die omgewing saam met 'n maat kan verken.

Hoe kan ek Afrikaans pret maak vir my kind?

- Lees elke dag hardop saam. Saamlees bring 'n ouer en kind letterlik nader aan mekaar omdat julle langs mekaar sit en saam uit dieselfde boek lees.
- Sorg dat jou kind jou sien lees vir jou werk (bv. aanwysings, resepte, e-posse), vir genot en vir studiedoeleindes.
- Vind uit waarin jou kind belangstel en help haar om boeke oor haar belangstellings te soek wat sy vir die pret kan lees.
- Gesels met jou kind oor die boeke wat sy lees – wie is die hoofkarakters in die storie, wat het met hulle gebeur, waarom, was dit goed of sleg?
- Maak saam kos of pak allerlei kreatiewe projekte aan – lees saam resepte en etikette of stel jul eie gesinskookboek of -handwerkboek saam.
- Gesels met mekaar oor boeke – vra vrae oor die boek, identifiseer nuwe woorde en idees, bespreek prente en karakters. Vra jou kind hoe sy voel oor die karakters en gebeure en bring dit in verband met jul gesinslewe.

- Vertel vir mekaar stories. Bespreek julle familiegeskiedenis en gesels oor uitstappies wat julle saam onderneem het.
- Skryf en teken saam met jou kind. Laat haar prente teken, 'n fotoalbum of skyfievertoning saamstel, of haar ondervindings neerskryf.
- Hou self dagboek en moedig haar aan om ook in haar eie dagboek oor die dinge te skryf wat haar bang of hartseer maak.
- Gaan gereeld biblioteek toe, sluit by 'n gesinsboekklub aan, identifiseer jul gunstelingskrywers en soek saam met jou kind na interessante boeke.

Hoe kan ek my kind met huiswerk help?

- Sorg dat hy of sy elke dag minstens 20 minute aan huiswerk bestee.
- Gesels met jou kind se onderwyser oor die doel van huiswerk en oor die klasreëls.
- Wees entoesiasies oor jou kind se skool en huiswerk.
- Sit elke dag 'n spesifieke tyd opsy vir huiswerk. Moenie dit tot net voor slaaptijd los nie, anders gaan jou kind gespanne bed toe.
- Werk naweke aan groot projekte, veral as jou kind saam met klasmaats moet werk.
- Verdeel opdragte in kleiner, meer hanteerbare onderdele.
- Rig vir jou kind 'n stil studeerhoekie in met die nodige skryfpapier, merkpenne, 'n liniaal, potlode en 'n woordeboek.
- Moet nooit jou kind se huiswerk vir hom of haar doen nie! Maak by die onderwyser seker of jy die huiswerk moet nasien of nie.
- Oefen elke dag saam met jou kind spelwoorde.

Hoe en wanneer behoort my kind hierdie oefentoetse te skryf?

- Sorg dat jou kind 'n stil, goed verligte werkplek met 'n lessenaar en stoel het. Maak seker dat hy of sy 'n liniaal, potlode, 'n skerpmaker, uitveër en blou, rooi en swart penne byderhand het.
- Sit genoeg tyd opsy sodat jou kind die toets sonder onderbrekings kan aflê. Kies 'n tyd wanneer hy of sy vars en uitgerus is, soos 'n naweekoggend.
- Begroot sowat 1 uur 45 minute per toets:
Begripstoets en taal – 1 uur
Blaaskans – 15 minute
Stelwerk – 30 minute

TOETS I

Datum:

Tyd:

Begrip – totaal: 20	Taal – totaal: $30 \div 2 = 15$	Stelwerk – totaal: $15 + 15$
Jou totaal:	Jou totaal: $\div 2 =$	Jou totaal: $+$



Lees die teks aandagtig en beantwoord die vrae wat daarop volg.

As die skoene jou pas ...

Roosstraat 19
Heuwelsig
3406
28 Desember 2013

Liewe Katrien

- ¹ Dankie vir 'n besonder interessante week. Ek het dit regtig geniet om saam met jou skool toe te gaan. Die klimraam was 'n heerlike ondervinding, sonder growwe plekke in die hout of skerp splinters.
- ² Ek skryf vandag aan jou om jou te herinner aan die voordele van jou voortreflike nuwe skoene. Jy weet mos, die paar met die groot pienk blomme op?
- ³ Ek verstaan dat dit jou partymaal frustreer as jy sukkel om die regte skoene aan die regte voet te kry, maar *volhard* asseblief; hulle is werklik die *volmaakte voetvriendelike* skoeseisels.



- 4 Afgesien van die pragtige pienk kleur en vrolike blomme, is hulle boonop die toonbeeld van gemak. Hulle is so slim ontwerp dat jy die binnesole kan uithaal om te was of in 'n ander paar skoene te sit sodat ons lekker knus daarin pas. Die sagte wollerige binnekante laat my dink aan wanneer jy ons saggies tussen die kat se pels inwikkel om sy maag te kielie terwyl hy lê en slaap. Wat 'n salige sensasie! In daardie blommetjieskoene voel dit asof ons op 'n donsige wattewolk loop – 'n groot verligting ná die stof, skerp klippies, warm teer en geniepsige duwweltjies waarop ons dikwels te lande kom.
- 5 Aangesien ek die grootste van ons vyf is en die meeste met balans te doen het, is ek mos gewoonlik die een wat seerkry. En ons albei weet wat dan gebeur: ek word van bo tot onder besmeer met daardie onwelriekende pienk salf wat na geskroei kaneel ruik, en toegeplak met 'n pleister vol superheld-prentjies.
- 6 Ek wil dringend by jou pleit: betoon tog die nodige respek teenoor jou arme voete en tone. Ek's nogal geheg aan jou en sou dit graag so wou hou. Beskerm my asseblief teen verdere stampe en stote, teen die pienk salf en die wurgende pleisters. Dra asseblief jou nuwe skoene!

Pedikuristies die uwe
Groottoon



Begrip

1. **Aan wie is die brief geskryf?** (1)
-
2. **Voltooi die sin hieronder deur 'n regmerk in die blokkie langs die regte antwoord te maak.** (1)
- Die brief is geskryf deur ...
- | | |
|---|--|
| <input type="checkbox"/> Katrien se ma. | <input type="checkbox"/> Katrien se suster. |
| <input type="checkbox"/> Katrien se onderwyser. | <input type="checkbox"/> Katrien se groottoon. |
3. **Is die stelling *Die skoene is slim ontwerp* waar of onwaar? Gee 'n rede vir jou antwoord.** (2)
-
-

4. **Voltooi die sin hieronder deur 'n regmerk in die blokkie langs die regte antwoord te maak.** (1)

Die salf wat op 'n skraapplek gesmeer word, ruik soos ...

- 'n nat hond. geskroeide kaneel.
 sweet. soutbeskuitjies met kaassmeer.

5. **Lees weer die eerste en tweede paragraaf voordat jy die sin hieronder voltooi. Gebruik net een woord.** (1)

Die skoene is esteties bevredigend, dus is hulle baie ...

6. **Watter dinge in paragraaf 6 maak Groottoon ongelukkig? Noem twee goed.** (2)
-

7. **Voltooi die onderstaande sin deur die ontbrekende woorde in te vul. Kies uit die kassie hieronder.** (3)

liddoringpleisters	onthou	hoëhakskoene	dra	voet	poot
--------------------	--------	--------------	-----	------	------

Katrien _____ dikwels nie haar skoene nie omdat sy nie kan _____ watter skoene sy aan watter _____ moet trek nie.

8. **Van watter teksture hou Groottoon? Haal woorde uit paragraaf 4 aan om jou antwoord te staaf.** (2)
-
-

9. **Wat dink jy bedoel Groottoon as hy sê hy is geheg aan Katrien en hy wil graag so bly?** (2)
-
-

10. Wat probeer Katrien se groottoon bereik deur hierdie brief te skryf? (1)

11. Verduidelik waarom Groottoon die beste een is om hierdie brief te skryf. (2)

12. Wat sal jou reaksie wees as jy 'n brief van jou groottoon moet kry?
Verduidelik waarom. (2)

Taal

13. Skryf die volgende sin, wat in die verlede tyd geskryf is, in die toekomstige tyd: (1)

Die klimraam was 'n heerlike ondervinding, sonder growwe plekke in die hout of skerp splinters.

14. Onderstreep die hulpwerkwoord in die volgende sin: (1)

Ek het dit regtig geniet om saam met jou skool toe te gaan.

15. Die betekenis van die woorde *onwelriekende* en *stink* stem baie ooreen.
Wat noem ons sulke woorde met eenderse betekenis? (1)

16. Kyk na die leesteken in die woord *Ek's*.

16.1 Wat noem ons hierdie leesteken? _____ (1)

16.2 Wat is die doel van hierdie leesteken? (1)

17. **Waarvoor staan die afkorting *Ns.*? Maak 'n regmerk in die blokkie langs die regte antwoord.** (1)

Nommers

Nasionale Sertifikaat

Naskrif

Nieu-Seeland

18. **Skryf die volgende sin oor met die regte leestekens en hoofletters waar nodig:** (4)

dankie vir 'n besonder interessante week sê groottoon

19. **Lees die inhoudsopgawe hieronder ten minste twee maal en beantwoord die vrae.**

Inhoudsopgawe

<i>Inleiding deur die skrywer, prof. Kal Kaneus</i>	2
<i>Basiese anatomie van die tien toonbeentjies</i>	5
<i>Die name van al 250 000 sweetkliere in die voet</i>	7
<i>Voetgesondheid en -welstand: Die diagnose en behandeling van ongesteldhede en knokkeltone</i>	20
<i>Ingroei-toonnaels: Die regte instrumente vir chirurgie</i>	30
<i>Pedikuur-etiket: 'n Toonaangewende gids vir dokters</i>	35
<i>Bromohidrose: Ruik goed, alles goed</i>	36

19.1 Op watter bladsy begin die hoofstuk *Basiese anatomie van die tien toonbeentjies*? (1)

19.2 Voltooi die sin deur 'n regmerk in die blokkie langs die korrekte antwoord te maak. (1)

Die kortste hoofstuk in die boek is:

- Pedikuur-etiket* en dit is 8 bladsye lank.
- Ingroeitoonnaels* en dit is 4 bladsye lank.
- Bromohidrose* en dit is 1 bladsy lank.
- Pedikuur-etiket* en dit is 1 bladsy lank.

19.3 *Ingroeitoonnaels: Die regte instrumente vir chirurgie*

a. Wat is die funksie van die dubbelpunt in die hoofstukopskrif hierbo? (1)

b. Die woord *reg* kan meer as een betekenis hê (homonieme). Skryf die **antoniem** van twee moontlike betekenisneer. (2)

_____ en _____

c. Voltooi die sin deur 'n regmerk in die blokkie langs die korrekte antwoord te maak. (1)

Die woord "toonnaels" is 'n ...

- | | |
|--|--|
| <input type="checkbox"/> samevoeging. | <input type="checkbox"/> samestelling. |
| <input type="checkbox"/> byvoeglike naamwoord. | <input type="checkbox"/> bywoord. |

19.4 Die woord *kalkaneus* is die wetenskaplike woord vir 'n mens se hakskeen. Sê watter stylfiguur hier gebruik word en verduidelik waarom dit 'n snaakse naam is vir die skrywer. (3)

19.5 Waarvoor staan die afkorting *prof.*? (1)

19.6 Voltooi die sin deur 'n regmerk in die blokkie langs die korrekte antwoord te maak.

In die hoofstuk *Basiese anatomie van die tien toonbeentjies* is die woord *basiese*:

(1)

'n byvoeglike naamwoord.

'n telwoord.

'n selfstandige naamwoord.

19.7 Voltooi die sin deur 'n regmerk in die blokkie langs die korrekte antwoord te maak.

Die woord *ongesteldhede* bevat 'n:

(1)

voorvoegsel wat *nie* of *die teenoorgestelde* beteken.

agtervoegsel wat *nie* of *die teenoorgestelde* beteken.

middelvoegsel wat *beslis nie* beteken.

19.8 Voltooi die volgende frase om 'n volsin te vorm:

(2)

Die name van al 250 000 sweetkliere in die voet _____.

19.9 Die hoofstuk *Bromohidrose: Ruik goed, alles goed* bevat 'n idioom wat aangepas is om by die tema van die boek aan te sluit. Onderstreep die woord wat verander is en skryf die oorspronklike idioom neer.

(2)

19.10 Onderstreep die voorsetsel in *Inleiding deur die skrywer, prof. Kal Kaneus*.

(1)

19.11 Skryf die vroulike vorm van die woord *skrywer* neer.

(1)

19.12 Skryf die volgende sin in die lydende vorm: Prof. Kal Kaneus het die inleiding van die boek geskryf.

(2)

Antwoorde

Toets 1

Begrip					
Vlak	Vaardigheidsvlak	Vraagnummers	Soortgelyke vrae in ander toetse		
			Toets 2	Toets 3	Toets 4
Letterlik	Leerder kan antwoorde in die teks opspoor	1; 2; 6	1; 6; 7	3; 4	2; 3; 5
Organisasie	Leerder kan inligting uit die teks manipuleer	4; 5; 7	2; 3; 10	2; 7	1; 4; 10
Afleidings	Leerder kan die teks verstaan en oor inligting redeneer	3; 9; 11	4; 8; 12	1; 5; 8	6; 7; 11; 12
Evaluasie	Leerder kan oordele vel op grond van bewyse uit die teks	8; 10	5; 9	6	8; 9
Waardering	Leerder kan intellektueel en emosioneel reageer op die waardes vervat in die teks	12	11; 13	9	13
Taal					
Vlak	Vaardigheidsvlak	Vraagnummers	Soortgelyke vrae in ander toetse		
			Toets 2	Toets 3	Toets 4
Spelling en woordeskat	Woordbetekenis Afkortings	15; 19.11 17; 19.5	18; 20; 22	14; 21	14; 19.7–19.8
Punktuasie	Afkappingsteken Punktuasie by direkte rede	16 18	14; 19	15	15; 19.3
Grammatika	Woordsoorte	14; 19.6–19.8; 19.10	21; 23	10; 11.2–11.4; 12; 13; 16; 19; 20	19.1–19.2; 19.4–19.6; 19.9
Skryf van sinne	Tye Lydende vorm	13 19.12	15; 16; 17; 24; 25	11.1; 17; 22	17; 18
Begrip van gespesialiseerde tekste	Inhoudsopgawe	19.1–19.3	19.1–19.3	18	16

Begrip

- Die brief is aan Katrien geskryf. (1)
- Katrien se groottoon. (1)
- Ja, die stelling is waar, want volgens die teks kan die sole uitgehaal word om gewas te word of in ander skoene gebruik word om die skoene gemakliker te laat pas. (2)
- geskroeiende kaneel. (1)
- Die skoene is esteties bevredigend, dus is hulle baie mooi. (1)
- Om gestamp te word, en om met pienk self besmeer te word en met 'n stywe pleister toegeplak te word. (2)
- Katrien dra dikwels nie haar skoene nie omdat sy nie kan onthou watter skoene sy aan watter voet moet trek nie. (3)
- Groottoon hou van sagte teksture. "In daardie

- blommetjieskoene voel dit asof ons op 'n donsige watterwolk loop – 'n groot verligting ná die stof, skerp klippies, warm teer en geniepsige duwweltjies waarop ons dikwels te lande kom." (2)
- Dit beteken dat Groottoon as ledemaat letterlik deel is van Katrien se liggaam, maar ook dat hy baie van haar hou. Hy hoop dat hy deel van haar liggaam sal bly, en dat hulle verhouding net so goed sal bly as wat dit is. (2)
 - Groottoon wil Katrien oortuig om meer dikwels skoene te dra sodat hy nie seerkry nie. (1)
 - As grootste toon is Groottoon gewoonlik die een wat seerkry. (2)
 - Eie antwoord. Ken een punt toe vir die reaksie en nog 'n punt vir die logiese motivering van die antwoord. Voorbeeld: Ek sal baie gekok

wees, want ek sal glad nie verwag dat een van my tone met my kommunikeer asof dit 'n mens is nie. (2)

Taal

13. Die klimraam sal 'n heerlike ondervinding wees, sonder growwe plekke in die hout of skerp splinters. (1)
14. Ek het dit regtig geniet om saam met jou skool toe te gaan. (1)
15. sinonieme (1)
- 16.1 Dit is 'n afkappingsteken. (1)
- 16.2 Dit dui aan dat daar 'n letter uitgelaat is: die "i" van "Ek is". (1)
17. Naskrif (1)
18. "Dankie vir 'n besonder interessante week," sê Groottoon. (4)
- 19.1 Die hoofstuk begin op bladsy 5. (1)
- 19.2 *Pedikuur-etiket* en dit is 1 bladsy lank. (1)
- 19.3 a. Die dubbelpunt stel die spesifieke fokus van die hoofstuk oor ingreitoonnaels bekend. (1)
- b. verkeerd en onreg (2)
- c. samestelling. (1)

- 19.4 Die stylfiguur is 'n voorbeeld van woordspeling. Dit is 'n doelbewuste spel met woorde of temas om die betekenis te beklemtoon. In hierdie geval is dit snaaks dat 'n man wie se naam en van na 'n deel van die voet verwys, 'n boek oor voete geskryf het. (3)
- 19.5 professor (1)
- 19.6 byvoeglike naamwoord. (1)
- 19.7 voorvoegsel wat *nie* of *die teenoorgestelde* beteken. (1)
- 19.8 Eie antwoord. *Voorbeeld*: is onmoontlik om op te noem. (2)
- 19.9 Die hoofstuk getitel *Bromohidrose: Ruik goed, alles goed*. Die korrekte idioom is: Eind goed, alles goed. (2)
- 19.10 *Inleiding deur die skrywer, prof. Kal Kaneus*. (1)
- 19.11 skryfster (1)
- 19.12 Die inleiding van die boek is deur prof. Kal Kaneus geskryf. (2)

Stelwerk

20. Die onderstaande rubriek kan gebruik word om jou kind se brief te assesseeer. (15)

Formaat (5 punte)					Totaal vir formaat
Briefformaat korrek en konsekwent gebruik (geen foute nie). 5 punte	Briefformaat meestal korrek gebruik. 4 punte	Briefformaat wisselvallig gebruik. 3 punte	Briefformaat meestal verkeerd gebruik. 2-1 punte	Geen sprake van briefformaat nie. 0 punte	
Taal (5 punte)					Totaal vir taal
Geen puntuasie- of spelfoute nie. 5 punte	Minimale puntuasie- en spelfoute. 4 punte	Verskeie puntuasie- en spelfoute, maar betekenis oor die algemeen duidelik. 3 punte	Talle puntuasie- en spelfoute wat betekenis onduidelik maak. 2-1 punte	Baie puntuasie- en spelfoute wat betekenis heeltemal onverstaanbaar maak. 0 punte	
Inhoud (5 punte)					Totaal vir inhoud
Relevante, sinvolle, samehangende sinne dra by tot skeppende geheel. 'n Verskeidenheid sinsoorte is gebruik. 'n Boeiende stuk skryfwerk. 5 punte	Meestal relevante, sinvolle, samehangende sinne wat bydra tot 'n skeppende geheel. 'n Verskeidenheid sinsoorte is gebruik. 'n Interessante stuk skryfwerk. 4 punte	Sommige relevante, sinvolle, samehangende sinne dra by tot 'n skeppende geheel. Geen afwisseling van sinsoorte nie. 'n Redelike stuk skryfwerk. 3 punte	'n Gebrek aan relevansie; dwaal af van onderwerp; beperkte kreatiwiteit en geen afwisseling van sinsoorte nie. 'n Swak stuk skryfwerk. 2-1 punte	Glad nie relevant nie; inhoud herhalend. 'n Ontoereikende stuk skryfwerk. 0 punte	
Groottotaal					

21. Die onderstaande rubriek kan gebruik word om jou kind se dialoog te assesseeer.

(15)

Formaat (5 punte)					Totaal vir formaat
Korrekte en konsekwente gebruik van dialoogformaat (geen foute nie). 5 punte	Dialoogformaat meestal korrek gebruik. 4 punte	Dialoogformaat wisselvallig gebruik. 3 punte	Dialoogformaat meestal verkeerd gebruik. 2-1 punte	Geen sprake van dialoogformaat nie. 0 punte	
Taal (5 punte)					Totaal vir taal
Geen puntuasie- of spelfoute nie. 5 punte	Minimale puntuasie- en spelfoute. 4 punte	Verskeie puntuasie- en spelfoute, maar betekenis oor die algemeen duidelik. 3 punte	Talle puntuasie- en spelfoute wat betekenis onduidelik maak. 2-1 punte	Baie puntuasie- en spelfoute wat betekenis heeltemal onverstaanbaar maak. 0 punte	
Inhoud (5 punte)					Totaal vir inhoud
Relevante, sinvolle, samehangende sinne dra by tot 'n skeppende geheel. 'n Verskeidenheid sinsoorte is gebruik. 'n Boeiende stuk skryfwerk. 5 punte	Meestal relevante, sinvolle, samehangende sinne wat bydra tot 'n skeppende geheel. 'n Verskeidenheid sinsoorte is gebruik. 'n Interessante stuk skryfwerk. 4 punte	Sommige relevante, sinvolle, samehangende sinne dra by tot 'n skeppende geheel. Geen afwisseling van sinsoorte nie. 'n Redelike stuk skryfwerk. 3 punte	'n Gebrek aan relevansie; dwaal af van onderwerp; beperkte kreatiwiteit en geen afwisseling van sinsoorte nie. 'n Swak stuk skryfwerk. 2-1 punte	Glad nie relevant nie; inhoud herhalend. 'n Ontoereikende stuk skryfwerk. 0 punte	
Groottotaal					